

# Die Sakrament van Siekesalwing

---

Omdat die kerk van die Here die taak ontvang het om die siekes te genees, probeer sy dié taak voortsit deur haar sorg vir die siekes, sowel as deur haar voorbidding waarmee sy hulle bystaan. Die Kerk beskik bowenal oor 'n sakrament wat spesiaal bedoel is om die siekes by te staan. Hierdie sakrament is deur Christus self ingestel en die heilige Jakobus getuig daarvan: “As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die presbiters (ouderlinge m.a.w. priesters) van die gemeente laat kom en hulle moet vir hom bid en moet hom olie self onder aanroeping van die Naam van die Here” (Jak. 5: 14-15).

